higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIENRIGLYN

NASIONALE SERTIFIKAAT

INTERIEURSTYLE EN -STUDIES N5

17 November 2023

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 8 bladsye.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 I
1.2 G
1.3 J
1.4 A
1.5 H
1.6 D
1.7 E
1.8 B
1.9 F
1.10 C

(10 × 2) **[20]**

VRAAG 2

2.1 Waar✓ − Hierdie styl was die finale ontwikkeling van Middeleeuse argitektuur in Engeland.

2.2 Waar✓ − Formele tuine en majestueuse fonteine was ’n integrale deel van Barok-ontwerp.

2.3 Waar✓ − Die Groot Vuur van Londen het in 1666 plaasgevind.

2.4 Onwaar✓ − Hy was ’n Hollands-Barok skilder.

2.5 Onwaar✓ − Rococo

2.6 Onwaar✓ − Majolica

2.7 Waar✓ − Die woord ‘Barrueco’ beteken in werklikheid onreëlmatige pêrel.

2.8 Waar✓ − Hy was die bekendste as die skepper van die geelkoperdeure by die Doopruim van Florence katedraal.

2.9 Onwaar✓ − Okkerneuthout-era, nie akkerhout nie.

(9 × 2) (18)

Kopiereg voorbehou

VRAAG 3

3.1 Dit is ’n stoep,✓ bedekte ingang✓ of ’n kolonnade✓ van ’n gebou.

3.2 Die vloer waarop die hoofvertrek ✓ in ’n groot huis geleë is.✓ Dit is gewoonlik die een bokant die grondvloer.✓

3.3 ’n Rugleuning ✓ wat ’n leereffek het✓ geproduseer deur die gebruik van ’n reeks horisontale rugleuninglyste in plaas van ’n ruglat.✓

3.4 Houtwerk.✓ Frans uitgekerfde muurpanele ✓ van die 17de en 18de eeu.✓

(4 × 3) **[12]**

TOTAAL AFDELING A: 50

AFDELING B

VRAAG 4

4.1 Oorgang van Renaissance na Barok was geleidelik.✓ Dit is gedemonstreer deur die feit dat die erkende model van alle Barok-kerke,✓ die Jesuit Church II Gesu in Rome deur ’n Laat-Renaissance argitek, Giacomo da Vignola ontwerp is.✓ Hy het ’n kerk geskep wat die standaard ✓ model vir Katolieke Barok-kerke vir die volgende twee ✓ eeue sou word.

Die Renaissance het gelei tot ’n enorme verlies aan mag ✓ vir die Rooms-Katolieke kerk in baie areas.
Groot dele van Europa is bekeer tot Protestantisme✓ en die opkoms van rasionele wetenskappe het die denkfout bewys✓ waarop baie van die Katolieke geloof gebaseer is. Byvoorbeeld die vorm van die aarde en sy posisie in die heelal.

Die kerk het ook sy monopolie✓ in opvoeding verloor.✓
Die Teenhervorming, wat met die Raad van Trent in 1545 begin het, het die aanvang van laat Katolieke hervormings begin✓ en ook die begin van ’n heftige veldtog teen Protestantisme begin.
Die Teenhervorming ✓ is gebruik om die ontwikkeling van die Barok-argitektuur en kuns te beïnvloed. ✓

Die Barok-styl het gefloreer ✓ as gevolg van die ondersteuning✓ van die Katolieke Kerk wat hulle gebruik het om die eenvoud✓ en strengheid van die Protestantse Kerk teen te werk.
Die idee was om die krag van godsdiens op ’n opsigtelike, hoogs dekoratiewe,✓ teatrale✓ styl te dramatiseer✓ sodat dit by die massas sal aanklank vind ✓. (20)

4.2 4.2.1

- Ontwerp deur Giovanni Lorenzo Bernini met die ondersteuning van Pous Alexander XII.✓
- Dit is ’n groot stadsplein ✓ direk voor St. Peter se Basiliek (kerk) in die Vatikaanstad geleë, wat 320 m lank en 240 m breed is.✓
- Bernini se ontwerp van ’n as wat lei na St. Peter se Basiliek✓ is gebaseer op die interaksie van oop ruimtes (wat in grootte toeneem) en tapse ruimtes.✓
- Massiewe Doriese kolonnades✓ omring die ovaal voor die kerk, so asof dit sy navolgers omhels.✓
- Bokant die kolomme is daar standbeelde van heiliges.✓
- Daar is 284 kolomme en 88 pilasters.✓
- Ingange is in die kolonnades geïntegreer soos die Griekse tempel ✓ met sy allerheiligste plek (naos), en verwys dus na die voortsetting van antieke argitektoniese ✓ tradisie waarheen die hele stadsplein terugverwys met sy motief van die antieke arena of teater.✓
- Bernini het dit in sy ontwerp geïnkorporeer ✓ met twee graniet fonteine aan weerskante.✓
- Die plaveisel word afgewissel met stralende lyne in travertyn.✓ (15)

4.2.2

- Getroue Katolieke kom op hierdie stadsplein bymekaar✓ om die pouslike seën vanaf die benediction loggia (balkon) bokant die sentrale ingang tot St. Peter se Basiliek te ontvang.✓
- Die doel van hierdie ruimte is ’n opelug teater vir die aanbieding van die godsdiensoefening.✓
- Historiese waarde – In die middel van die stadsplein is ’n antieke Egiptiese obelisk in rooi graniet wat in 1586 opgerig is.✓ Dit word ondersteun deur vier geelkoper leeus by sy basis en aan die bokant is ’n geelkoper familiewapen van Pous Sixtus V. (5)

[40]

VRAAG 5

- Daar is soveel verskille tussen ’n Engelse tuin en ’n Franse tuin as wat daar ooreenkomste is.
- Hulle is albei gevestig op die beginsels van oorspronklike Engelse tuin wat die Romeine aan Engeland bekend gestel het met hulle aankoms 1ste eeu AD.✓ Die Engelse tuin is ’n tuinstyl wat gewild was deur die Europese kontinente heen.✓ Die Franse oorsprong is in die 16de eeu met ’n swaar invloed van Italiaanse tuin van die tyd.✓ Die Franse tuin ✓ word direk geassosieer met Andre Le Notre wat die tuine van die Paleis van Versailles ontwerp het. ✓
- Engelse tuine probeer om by die natuurlike landskap in te skakel, plante groei ’n bietjie wild terwyl romantiese elemente ingevoeg word.✓
- Dit sluit in dammetjies,✓ klein mere, brûe, nabootsings van ruïnes, standbeelde en Chinese paviljoene.✓
- Elkeen van hierdie romantiese elemente word in die loof geïnkorporeer om die natuurlike, onversorgde voorkoms te versterk.✓
- Franse tuine word ook formele tuine genoem.✓ Hulle volg baie streng geometriese lyne.✓ Plante word geplaas sodat hulle die geometriese en simmetriese uitleg handhaaf.✓ Hulle word gereeld teruggesny en gesnoei (snoeikuns) om te verhoed dat hulle oorgroei word.✓
- Lane of paadjies vertak uit die middelpunt, wat tradisioneel ’n gebou-fasade is, wat uitwaarts beweeg sodat besoekers deur elke deel kan stap.✓
- Lane word dikwels met gruis geplavei en gemanikuurde grasperke word vir grootskaalse tuine ingesluit.✓ Franse tuine het hulle eie romantiese elemente.✓ Hulle het ’n weerkaatsende swembad wat deur fonteine ✓ of standbeelde geaksentueer word en volg altyd ’n geometriese patroon.✓ Grootskaalse Franse tuine sal ook parterres hê.✓ Dit is die klipkonstruksie rondom die plante of noukeurig gesnoeide heinings om simmetriese of geometriese patrone te skep.✓ **[20]**

VRAAG 6

6.1
- Rococo verwys na die verbeeldingryke gebruik van ornamente. Hierdie styl is meer dekoratief as argitektonies.✓
- Speels, ✓ ligter, meer grasieuse ontwerpstyl.✓
- Vroulik.✓
- Ligter, bleker kleure – roos, turkoois,✓ strooi, mosterd, stopverf, lila, groen en wit.✓
- Ligte vergulding,✓ houtinlegwerk, ingewikkelde kerfwerk.✓
- Vertikale lyne word vermy/Hoeke versag.✓
- Geïnkorporeerde asimmetriese vryhand krommes, volledig en gebroke.✓
- S en C boekrol krommes✓
- Groot versierde spieëls✓
- Uitbundige pleisterwerk✓– gerubs, amorini/baie stucco en fresco dikwels gekombineer✓
- Meubels ligter, kleiner, gemakliker en losstaande✓
- Geboë pote, gekromde en kronkelende vorms vir meubels✓
- Skilderye gekenmerk deur sagte kleure,✓ wat liefdestonele, natuurtonele, lighartige vermaak en die jeug uitbeeld.✓
- Gebruik van organiese ✓motiewe soos blare, blomme, druiweranke, skulpe, voëls, diere.✓ (20)

6.2 Die mense in 18de eeuse Frankryk het lank gely onder:
- Hoe belastings
- Sosiale ongelykheid as gevolg van die landgoedstelsel
- Swak oeste en die stygende koste van brood
- Uitspattige lewenstyl van Franse monargie en duur oorloë
- Dit het gelei tot die bestorming van die Bastille-tronk op 14 Julie 1789, wat die Franse Revolusie begin het (5)

6.3
- Wat die dekoratiewe kunste betref, was die jare van die Revolusie destruktief eerder as konstruktief.✓
- Vakmanne is swak ondersteun, hulle het nie kliënte gehad nie en het in ander velde gaan werk om te oorleef.✓
- Disorganisasie van die vakleerlingstelsel sodat die voortreflike tradisie van Franse kuns verlore gegaan het.✓
- ’n Nuwe aristokrasie het nog nie ’n ware fynproewerskap van die kunste ontwikkel nie.✓
- Oorblywende vakmanne wat kon voortgaan om te werk het kunsvorms ondersoek wat nie met die ou aristokrasie geassosieer is nie.✓
- Oorgangvorms van kuns.✓
- Houtkerwers en skilders het hulleself geïnspireer deur militêre voorwerpe ✓ soos spiese, dromme, trompette, sterre ✓ en die vryheidsmus van die revolusionêre leër.✓
- Die gebruik van Pompejaanse argitektonies vorms en ornamente is steeds gebruik omdat dit niks met die Franse konings te doen gehad het nie.✓ (10)

[35]

VRAAG 7

7.1
- Die Koningin Anne-tydperk is gekenmerk deur ’n nuwe sin vir die praktiese, beskeidenheid en gemak.✓
- Produkte van skrynwerkers en kabinetmakers wat skoonheid en suiwerheid baie beter uitgebeeld.✓
- Meubels het ligter geword en kromlyning het meubelontwerp begin beïnvloed. ✓
- Oosterse invloed in ontwerp en afwerking. Japanese en Chinese lakvernis as afwerkingsmateriaal.✓
- Gebruik van okkerneuthout en mahonie. Klein hoeveelheid meubels wit geverf en verguld.✓
- Gebruik van kruisbande en fineerhout en ingewikkelde kerfwerk.✓
- Gebruik van geboë pote met skulpknie.✓
- Bal- en kloupote, mannetjieseendpote, knuppelpote en steunvoet (bracket foot) is gebruik.✓
- Kussings op sitplekke.✓
- Stoelrugleunings het aanvanklik ’n gekromde bokant of swaannek gehad.✓ Die volgende veranderings was die deurboring van die ruglat✓ met eenvoudige gekromde uitsnydings. Volgende was die uitsnyding van ’n akantblaar op die skouer van die ruglat en byvoeging van skulpwerkmotief ✓ op die knie van die geboë poot. Verdere deurborings wat ’n meer gekompliseerde ontwerp soos ’n viool- of vaasvorm, sierkrulwerk rugkant.✓
- In leunstoele het die arms ook onreëlmatige vorms gehad.✓
- Stoor- en vertoonstukke – China kabinette, boekrakke, sekretaris-lessenaars.✓ (15)

7.2
- Adam-styl interieur, ’n ligter en meer elegante gevoel aan Georgiaanse huise.
- Geïntegreerde styl van argitektuur en interieurs wat alles deur die Adam-broers ontwerp is as ’n enkele verenigde skema.
- Daar is weg beweeg van streng wiskundige verhoudings wat voorheen in Georgiaanse vertrekke voorgekom het en gekromde mure, koepels en halfsirkel muurnisse is gebruik.
- Versierde mure en plat, gepleisterde plafonne met fyn, ingewikkelde pleisterwerk.
- Lyswerk en frieswerk is verryk deur skilderye of pleisterornamente geïnspireer deur Griekse of Pompejaanse detail. Vlegrande en kanferfoelie
- Kleure gebruik: Wit, ertjiegroen, hemelsblou, suurlemoen, lila, helder pienk en rooi-bruin terracotta het komplekse pastelkleurskemas gevorm.
- Klassieke Romeinse dekoratiewe motiewe – Geraamde medaljons, vase, urne, driepote, arabesk druiwekrulversiering, sfinkse, griffioene en dansende nimfe. Gebruik van pilasters en beskilderde ornamente soos festoene en linte.
- Kunstenaars soos Angelica Kauffman en Antonio Zucchi is aangestel om klassieke figuurtonele in sierkrulwerk te skilder wat in binnemure en plafonne ingevoeg is.
- Meubels het reguit, tapse pote en was in skaal met die proporsies van die vertrekke.
- Ovaal en skermrug stoele (shield back chairs), die gebruik van die liervorm met metaalstawe is bekendgestel. (10)

7.3
- Georgiaans – Geboue wat argitektoniese oogmerke gehad het
- Een- of twee-verdieping boks met groot, vierkantige vertrekke
- Simmetriese vorm met sentrale saal as-plan
- Klassieke portieke
- Glas waaierligte in geometriese patrone
- Venterraam, dubbelvensters
- Trappe
- Geweldriehoek deuropening met paneeldeur
- Dak met sygewel of skilddak
- Klip- of steenmure (10)

Dit is ’n oop vraag. Kandidate moet in staat wees om ’n goeie begrip van styl demonstreer en dit vir hierdie binneruimte dupliseer.

7.4 Die Engelse Victoriaanse styl is nogal eklekties,✓ en gebruik al die tydperke van die verlede vir inspirasie waarvan Goties, Rococo en Oosters die mees algemene is.✓
Die styl is oor die algemeen donker,✓ knus, ryklik versier en massiewe gebruik van materiaal en lae.✓ Ryklik versierde detail, vaardige namaaksels om die voorkoms van weelde te skep.
’n Kaggel is noodsaaklik met ’n regte marmer- of nagemaakte geskilderde kaggelrak.

KLEURE: Diep, ryk kleure ✓ – Wynrooi,✓ smaraggroen, taan, goud, diep vlootblou,✓ blougroen en viooltjie.

MUURVERSIERING: Geverf, muurpapier,✓ gebruik van dadoreling,✓ paneelwerk in donker hout of geverf, prentelys. Muurpapier het ingewikkelde blompatrone, Gotiese kuns of sierroeiwerk.

PLAFON: Gewoonlik drie skakerings ligter as die mure geverf ✓ of bedek met gebosseleerde muurpapier of geperste plafonpanele.✓ ’n Swierige plafonroos gewoonlik in die middel.✓

VLOERE: Donker, blink gepoleerde houtvloerplanke ✓ met matte met ryk versierings in Oosterse, blom-, Gotiese ontwerpe of weelderige muur-tot-muur matte.

BELIGTING: Kroonkandelare,✓ muurlampe in geelkoper, koper, brons of kristal. Staanlees- en tafellampe met materiaal of glaskappe.✓ Brandskilderglas.

VENSTERBEHANGSELS: Swaar behangsels met lae.✓ Drie lae.✓ Kantgordyn vir privaatheid, dan weelderige gordyne van fluweel, brokaat, sy, damas, sis met tooisels, fraiings en tossels. Laastens ’n festoen en sterte of plat gordynkap of lambrekyne. Ryklik versierde gordynbande noodsaaklik.

MEUBELS: Mahonie, rooshout, okkerneut, rosetvormig stoffering met diep knope, donker afwerking, swaar gekerf, oordrewe krommes. Soms is die meubels geverf en verguld.✓ Gemakstoele (Conversation chairs), stoele met ballonrugkante, kaarttafels (sy), vertoonkaste, boekrakke✓

BYKOMSTIGHEDE: Geborduurde strooikussings,✓ oorgooidoeke, oordadige klokversamelings,✓ skilderye en spieëls met swaar vergulde rame, varings, palms, beeldjies, Chinese vase,✓ fotorame, tapisseries. (20)
[55]

TOTAAL AFDELING B: 150
GROOTTOTAAL: 200